BOEKBESPREKINGS

SMUTS, A.J., VOS, C.J.A., NEL, M. 1990. In gesprek oor die erediens. Teologiese huldigingsbundel aan prof. A.C. Barnard. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 192 pp. Prys onvermeld.

Resensent: C.J.H. Venter (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Soos uit die titel blyk, is hierdie publikasie 'n huldigingsbundel aan die pasafgetrede hoogleraar in Praktiese Teologie aan die Fakulteit Teologie (Afd. B) van die Universiteit van Pretoria. Prof. Barnard, 'n bekwame kundige en vakman, in besonder in Liturgiek, het ook diep spore getrap, nie net in die vyf gemeentes wat hy vanaf 1954 - 1976 bedien het nie, maar ook op sinodale vlak, veral in studie, bespreking, besluitneming en vormgewing van die liturgie van die erediens in die NG Kerk. Juis hierom is dit gepas dat agt uit die elf artikels in hierdie bundel besinning op die vakgebied van die Liturgiek bevat.

In die eerste artikel skets dr. Malan Nel die loopbaan van prof. A.C. Barnard aan die hand van sy werk as akademikus, as kerkman en as mens.

Skrifperspektiewe word wetenskaplik verantwoord uitgelig in die artikel van J.J. de Klerk "'n Liturgiese uitsig op God". Hierin trek hy die lyne van die koninkryk, verbond en wet van die koninkryk saam vir die Liturgiek.

H.J.C. Pieterse wy sy grondige artikel aan "'n Erediensuitsig op die gemeente". Vanuit drie sentrale funksies van die kerk (*kerugma, koinonia, diakonia*) beklemtoon hy die gemeente as liggaam-van-Christusmodel en bepleit 'n dialogiese benadering.

J.A. Laubscher bied in sy artikel "Die erediens - insig in sy agenda", 'n visie op die vastheid en variasie binne die agenda van die erediens en op die insig in die agenda by liturg en gemeente. Hierdie is 'n netjies-gebalanseerde artikel.

P.J.C. Loots gaan grondig in op die sentrale plek van die gebed in die erediens. Sy bydrae handel oor die fundering, funksionering, verskillende vorme asook riglyne vir die gebed in die erediens. Opvallend hier is sy beklemtoning van die plek van die gemeente in die liturgie en sy vraag (wat tot twee maal herhaal word) waarom 'n gemeentelid in die erediens nie ook by geleentheid in gebed kan voorgaan nie. Hiermee wil ek my instemming betuig.

J.H.H. du Toit behandel op omvattende en deeglike wyse die saak van vernuwing in die Afrikaanse Psalm en Gesangeboek, terwyl J.C. Müller vernuwing in die erediens ondersoek. Vir hierdie vernuwing noem hy bepaalde indringende kriteria en gee ook riglyne vir die wyse waarop vernuwing ingevoer behoort te word.

L.C. Dressel gaan in op "Die tweede diens - doeblet of alternatief" en bepleit 'n eie vormgewing vir die tweede erediens, met behoud van die sentrale elemente van Skriflesing en Woordbediening.

B.A. Müller se bydrae kom uit die hoek van die Homelitiek. Hy beskryf skerpsinnig en met fyn onderskeiding die proses van preekmaak onder die opskrif "Die boodskap! soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn - 2 Petrus 1:19". Hy hanteer onder andere die oorskatting van die eksegese in die preekmaakproses, plaas dan die rol van die eksegese in die regte perspektief en behandel ook die rol van die hermeneutiek.

Op tipiese taalvaardige wyse skryf C.J.A. Vos oor Woordbediening met as tema - "Die ambagsman en sy beiteltjie". Hy fokus veral op die preek as W(w)oordgebeure, die funksie van die preek en die preekteks.

Die wetenskaplike artikels word afgesluit deur M. Nel met "Die erediens in die wêreld". Hy wys veral op die 'wêreldkarakter' van die erediens en die evangelisasie-potensiaal van die erediens.

Vanuit bogenoemde oorsig, word die volgende evaluering gebied.

- *Eerstens*: ons het hier te doen met gefundeerde en wetenskaplike artikels van kollegas en oudstudente van prof. Barnard. Miskien sou gesê kon word dat fundering hier en daar meer diepgaande kon wees (vgl. byvoorbeeld die goeie fundering in die artikel van prof. J.J. de Klerk). Dit doen egter geensins afbreuk aan die gehalte en verskeidenheid van die artikels nie.

- *Tweedens*: die bydraers beheers hulle onderskeie vakgebiede goed en - besonder positief - hulle hanteer van die nuutste vakliteratuur op elke bepaalde onderwerp.

- *Derdens*: die bundel bevat geen 'weghardloop'-artikel nie. Die artikels is gebalanseerd in die sin van gefundeerd met 'n openheid vir gefundeerde vernuwing.

- *Vierdens*: die tegniese versorging is oorwegend netjies, tog kom hinderlike set/spelfoute voor. In die raamwerk van die geheel is die foute egter nie te veel nie.

Ten slotte: 'n Mooi huldeblyk aan 'n waardige en - vir my - 'n hooggewaardeerde kollega op die vakgebied van die Diakoniologie. Ook van my kant: 'n eresaluut aan prof. A.C. Barnard, 'n man wat goeie werk gelewer het in die teologie en vir die kerk.

HENDRIKS, A.N. 1990. **Die alles in allen volmaakt. Een bundel praktisch-teologiese opstellen.** Haarlem : AcaMedia. 138 bladsye, prys onvermeld.

Resensent: C.J.H. Venter (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Dr. Hendriks, predikant van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) te Amersfoort-Centrum ontleen die titel van hierdie opstelle - eerder gefundeerde wetenskaplike artikels - aan Efesiërs 1:23, waar die gemeente genoem word 'n liggaam, vervul met Christus wat alles in almal volmaak.

In die eerste artikel, "Die gemeente en haar diakonaat" word op Skrifgefundeerde wyse aandag gewy aan die herderlike sorg van die gemeente self en aan die diakonale (daadwerklike) sorg deur die gemeente.

In die tweede artikel, "De doop met de Heilige Geest een tweede zegen?" beredeneer Hendriks hierdie moeilike saak grondig vanuit toepaslike Skrifgegewens - veral Handelinge - en kom tot 'n verantwoorde slotsom teenoor die aksente van die Pinksterbewegings. Wat in hierdie artikel krities bevraagteken moet word, is sy stelling (bl. 38) dat die buitengewone geestesgawes, byvoorbeeld praat in tale, beperk moet word tot die ontstaanstyd van die Christelike Kerk. Die vraag sou gestel kon word waarom 1 Korintiërs 14:39 " ... moenie die gebruik van ongewone tale of klanke verhinder nie" nie in hierdie artikel verdiskonteer word nie.

Die derde artikel - "Levensheiliging, gave en opdracht" - is dogmaties en andersins 'n juweel. Op deeglike wyse word die balans tussen gawe en opgawe, indikatief en imperatief tot lewensheiliging ontplooi.

Die meriete van die vierde bydrae, "De plaats en de betekenis van de ambten in de gemeente", lê veral daarin dat toepaslike Skrifgegewens sistematies-oorsigtelik aangebied word. Die vyfde artikel "Representeert de ambtsdrager Christus?" kan as 'n vervolg op en iets van 'n voortsetting van die vierde artikel beskou word. Hierin word ingegaan op die Rooms-Katolieke standpunt, waarna die grondliggende bydraes van

Bucer en Calvyn oor die amp ontleed word. Hendriks sluit af met gefundeerde kritiek op die standpunt van W. Zijlstra, naamlik dat die ampsdraer Christus verteenwoordig deur 'n korrekte pastorale houding, deur aanvaarding en deur tyd beskikbaar te stel vir 'n lidmaat. Die Woord wat gehanteer word, stel Christus immers teenwoordig.

"Is de preek achterhaald?" vorm die inhoud van die sesde onderafdeling. Aandag word bestee aan die fundering van die prediking, die aard van die preek asook aan inhoud en vorm. Hier ontbreek 'n aksent van trinitaries-gerigte prediking deurdat net Christusgerigte prediking beklemtoon word.

Die boek word afgesluit met 'n baie positiewe artikel oor gemeente-opbou onder die titel "Gemeenteopbouw, een introductie". Die Sinode van die GKN (Vrijgemaakt) het in 1987 besluit om 'n leerstoel in Gemeente-opbou in die lewe te roep. Die vak is toevertrou aan prof. M. te Velde, saam met ander ekklesiologiese vakke. Hendriks behandel die intreerede van Te Velde, naamlik "Gereformeerde gemeenteopbouw. Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak", en toon aan hoe Te Velde in die vak Gemeente-opbou 'n Skriftuurlike grondstruktuur en 'n aktualiserende invulstruktuur bepleit. Onder eersgenoemde moet die Skriffundering verstaan word en onder laasgenoemde die "fijnere vertakkingenen binnen de grondstructuur", byvoorbeeld vormgewing van die kategese, die inrigting van huisbesoek ensovoorts.

Die lees van hierdie opstelle wil ek sterk aanbeveel, enersyds op grond van die Skrifgefundeerdheid daarvan en tweedens op grond van wetenskaplike helderheid.

VAN RIESSEN, H. 1990. Christelijke politiek in een wereld zonder God.
Nunspeet : Marnix van St. Aldegonde Stichting. 98 bll. Prys R23,84.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Dogmatologiese Vakke, HTS/PU vir CHO)

In hierdie jongste boek van Van Riessen gee hy aandag aan Christelike politiek in 'n gesekulariseerde wêreld waar 'n geslote wêreldbeeld dominant geword het en 'n Godsverduistering besig is om hom te voltrek. In nege hoofstukke word oor die volgende sake gehandel: 1. Oorsig. 2. Die mens. 3. Die vier (God, wet, mens en Satan). 4. Geskiedenis. 5. Twintigste eeu. 6. Die magte (wetenskap/sciëntokrasie, tegniek/tegnokrasie en organisasie/organokrasie). 7. Geslote wêreldbeeld. 8. Kerk en politiek (waaronder owerheidsgesag, versorgingstaat, individualisme, koninkryk, gesag en vryheid, soewereiniteit in eie kring). Die boek is nie in die eng sin van die woord 'n wetenskaplike werk nie, hoewel 'n groot klomp wetenskaplike kennis en insig

daaraan ten grondslag lê.

Die outeur benader die probleem vanuit 'n Christelike perspektief. Sy vertrekpunt is dat die sin van die menslike lewe uit godsdiens bestaan (18, 89) en dat die koninkryk van God die sin van die geskiedenis uitmaak (30-31, 53, 76, 83, 89). Vir die staatkunde is hierdie perspektief van deurslaggewende betekenis (76). Dwarsdeur sy verhaal word telkens verwys na God, die Woord van God, die mens (sonde en skuld) en die Satan. Van Riessen wys Bybelkritiek af (57) maar oordeel dat "kritisch theologisch onderzoek geoorloofd en nodig is, maar de beslissende vraag is waar de onderzoeker staat" (58). Hy onderskei ook tussen "Skriftuurlike gegewens" (gegewens wat direk in die Skrif te vinde is) en "Skrifmatige gegewens" (gegewens wat uit die Skrif afgelei word) (85).

Aan aktuele temas word aandag bestee: Kernwapens (42), ekologie (43) en *New Age* (54). Die vraag word gestel of die kerk 'n roeping in die samelewing het. Hierop volg 'n bevestigende antwoord. Vanuit die getroue omgang met die Woord onder leiding van die Heilige Gees moet die kerk alarm maak ten opsigte van ernstige ontsporinge (63) in die wêreld (byvoorbeeld ten opsigte van menseregte, vrede, werkloosheid, uitbuiting, armoede, siekesorg). Van Riessen meen egter dat waar die kerk in die verlede te mín gespreek het, hy vandag weer te véél spreek (63). So byvoorbeeld het die kerk (GKN) sy bevoegdheid/soewereiniteit oorskry deur (die gebruik van) kernwapens tot sonde te verklaar (95) - hoewel dit weer deur ander gesien word as 'n korrekte nakoming van die profetiese roeping van die kerk in die samelewing. Van Riessen gee toe dat die benaming *soewereiniteit in eie kring* nie so gelukkig is nie, "maar de visie is geniaal" (91). Dit dui immers op die selfstandigheid van die samelewingsverbande volgens hulle eie aard.

Besonder insiggewend is die outeur se opmerking in verband met 'Christelike politiek' - en hy verwys in dié verband ook na 'Christelike wetenskap'. Hy stel dat hy voorkeur verleen om die aktiwiteit in plaas van die resultaat te benadruk. "Dus vermijd ik te spreken over christelijke wetenschap en beperk mij tot de christelijke benadering van de wetenschap" (79) En so verstaan hy ook 'Christelike politiek' as "christelijke benadering van de politiek" (79). Dit kom dan neer op 'n lewe en handeling vanuit die Bron.

Enkele kritiese opmerkings kan gemaak word, byvoorbeeld ten opsigte van die siening van die mens as beeld van God wat (op voetspoor van Calvyn?) te eng net met die *gees* van die mens verbind word (16). Voorts waag die outeur hom ook op teologiese gebied sonder om genoegsaam kennis te geneem het van die jongste navorsing op hierdie gebied. Hy oordeel dat dit onmoontlik is om die leer oor die almag van God en die verantwoordelikheid van die mens te begryp/versoen/deursigtig te maak (21), terwyl teologiese studies oor die *verbond* daarop dui dat hierdie twee gegewens tog nie

so onversoenbaar is indien dit nie in 'n konkurrensieskema ingedwing word nie. Ook die opmerking oor die berou van God, wat hy ten diepste nié kan hê nie maar in sy openbaring aan die mens wél het (22), bring dié ingrypende vraag na vore: is God in sy wese dan anders as wat Hy Hom aan die mens openbaar?

Dan 'n laaste opmerking wat eintlik vir die meeste van Van Riessen se geskrifte geld - daar loop 'n ietwat pessimistiese toon deur sy werk: "De mensheid is onderweg naar een steeds donkerder dal" (81). Gelukkig korrigeer hy homself in hierdie werk as hy hierdie eensydigheid ontbloot en ook verwys na die "opgang". "Deze opgang is het aan het daglicht brengen van hetgeen God voor de mens in Zijn dienst verborgen heeft in de schepping" (81). Christus is immers Triomfator! Ten regte eindig die boek nie op 'n pessimistiese noot nie, maar met die verwagting dat die sciëntokrasie, tegnokrasie en organokrasie oorwin moet/sal word in die rigting van die koninkryk van God en sy geregtigheid (98).

VAN DER WALT, B.J. e.a. 1991. **Kultuurverskeidenheid in Afrika - verleentheid of geleentheid? Cultural diversity in Africa - embarrasment or opportunity?** Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 261 p. Prys: R25.

Resensent: J. du Preez (Universiteit van Stellenbosch)

Hierdie boek is 'n versamelwerk wat onder meer die lesings bevat wat gelewer is by 'n konferensie in Potchefstroom, aangebied deur die Instituut vir Reformatoriese Studie en die Departement Filosofie aan die PU vir CHO vanaf 12-14 Mei 1989, met die titel van hierdie boek as hoofonderwerp. In sy vooraf-woord wys prof. B.J. van der Walt (PU vir CHO) daarop dat die konferensie voor die uitdaging gestaan het om te probeer vasstel hoe die moeilike vraagstukke van kultuurverskeidenheid positief gehanteer behoort te word, want dwarsoor Afrika is genoeg voorbeelde van hoe dit nie gedoen moet word nie. Prof. N.T. van der Merwe (PU vir CHO) definieer *kultuur* in 'n inleidende lesing bondig as die wyse waarop 'n mens jouself sien, belewe en uitlewe, en stel dit dan as die bedoeling van die konferensie om vanuit 'n reformatories-Christelike perspektief na kultuurverskeidenheid te kyk as inherente en aktuele faset van God se skepping.

Die onderwerpe wat op die konferensie behandel is, word in ses afdelings in hierdie publikasie saamgebundel. Die eerste afdeling behandel kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika, 'n land wat deur baie as 'proefplaas' vir die toekoms, ook van andere

lande, beskou word. Onder hierdie afdeling behandel prof. J.J. Snyman (RAU) die vraag watter toekomsperspektief daar sou kon wees in Afrikaners se verstaan van kulturele verskeidenheid. Ná 'n kritiese beskouing van konserwatiewe persepsies by Afrikaners, pleit hy daarvoor dat in die toekoms voorkeur gegee sal word aan "the development of a diversity of social spheres irrespective of ethnicity in order to give new life to an old and central idea of Calvinist thinking, namely the idea of sphere sovereignty ..." (p. 27). Prof. W.P. Esterhuyse (US) skenk deeglik aandag aan "polities agtergestelde" groepe se persepsies van kulturele verskeidenheid - 'n lesing wat in die lig van nuwere verwikkelinge met 'n nuwe oog gelees sal moet word. Prof. M. Elaine Botha (PU vir CHO) besin oor voorwaardes vir kultuurbewaring. Sy wys onder andere daarop dat 'n bewaringsbeleid tegelyk 'n kultuurskeppende beleid moet wees, waarin die kruis van Christus as sleutelsimbool kan dien om in ons gepolariseerde en gepolitiseerde kultuurklimaat leiding te gee in die broodnodige gesprek vir die opbou van 'n gemeenskaplike kultuur.

In afdeling 2 van die publikasie word deur middel van vier gevallestudies oor die RSA-grens heen besin oor probleme en vooruitsigte in verband met transkulturele kommunikasie in Afrika. Bydraes oor hierdie onderwerp word gelewer deur twee medewerkers uit Zimbabwe: mej. Margaret Hadebe (Bulawayo) en mnr. Pius Wakatama (Harare); vanuit Swaziland mnr. D. von Wissel, voormalige kabinetsminister; vanuit die RSA ds. E. Mannikam. Die hoofklem val by almal op die gedagte dat mense van verskillende kulture mekaar moet leer ken, verstaan en respekteer.

Die derde afdeling gee deur middel van twee bydraes aandag aan die ontmoeting en stryd tussen Christendom, tradisionele Afrikakulture en die Islam. Dr. N. Onwu van Nigerië bespreek die ontmoeting tussen Christendom en Islam in Afrika. Hy skets die opkoms van Islam in Afrika (o.a. in Nigerië), noem hulle gebruik van geweld as middel tot uitbreiding, en bied ses riglyne aan as "survival strategies" vir die Christendom, onder andere diepergaande evangelisering en die herontdekking van Christelike eenheid en broederskap. In 'n goeie bydrae oor die ontmoeting tussen Christendom en tradisionele Afrika-kultuur, wat hy baie beskeie as "sketchy notes" aanbied, kom prof. M.L. Daneel (Unisa) tot die slotsom dat 'n Christelike oplossing nie geleë is in sleutelwoorde soos *akkommodasie, assimilasie, kontektualisasie* of *transformasie* nie, "but in the quality of cross-cultural, interhuman encounter, through which the incarnation of Christ, as the affirmation and judgment of all cultures, becomes manifest" (pp. 120-121).

In 'n vierde afdeling kom kultuur, sosiale waardes en ontwikkeling in Afrika aan die beurt. Dr. Y. Turaki van Nigerië behandel die netelige probleem van kultuur en modernisasie in Afrika, met die primêre fokus op die dialektiese verhouding tussen kultuur (waardes) en sosiale struktuur (instellinge). Met spesifieke verwysing na

ontwikkelingsprojekte met die oog op nasiebou in Noord-Nigerië, konkludeer hy dat dit vir almal wat hiertoe 'n bydrae wil lewer, nodig is om aan die een kant ernstige aandag te gee aan modelle, hipoteses, metodes en middele, maar aan die ander kant ewe ernstig aandag te skenk aan kulturele waardes en strukture. Oor die evangelie en sosiale geregtigheid in Afrika teken dr. N. Onwu 'n redelik donker prentjie. Tog sluit hy hoopvol af met die gedagte dat daar genoegsame aanduiding is "that in future the concern of social justice will make a significant impact upon our collective Christian consciousness and should assume a central importance in Christian involvement" (p.158).

In 'n uitgebreide bydrae (pp. 162-204) gaan dr. Y. Turaki op soek na 'n Christelike sosiale etiek vir Afrika. Hy beskou die ontwikkeling van Bybelse waardes en 'n Bybelse wêreldbeeld as noodsaaklike gidse op weg na 'n goeie sosiale etiek. Bybelse sleutelbegrippe en waardes wat as basis kan dien vir Christelike sosiale betrokkenheid en verantwoordelikheid is onder andere Gods wese en aard, sy genade, liefde, geregtigheid en heerskappy. Twee sleutel-areas waardeur God die kerk gebruik om sy genade, liefde en geregtigheid in die samelewing sigbaar te laat word, is: (a) evangelisering wat tot sosiale verandering lei, en (b) die gestalte van die kerk as alternatiewe gemeenskap ("counter-community") binne die Afrika-konteks. Ter afsluiting van hierdie afdeling trek prof. B.J. van der Walt 'n 'voorlopige' vergelyking tussen tradisionele Afrika-kultuur en Westerse kultuur. Hy doen dit suiwer sketsmatig aan die hand van sewe hoofpunte van vergelyking, wat dan weer in altesaam sestig punte onderverdeel word.

Wat die Afrika-kultuur betref, gebruik hy die geesteswêreld as 'sleutelgat' om daardeur 'n kyk op hierdie kultuur te kry.

Afdeling 5 bevat vier prikkelende oordenkings wat tydens die konferensie gelewer is: "2 Timoteus 3:12-4:5" (mnr. M.F. van der Walt); "Sondag as dag van rus en vreugde ineen" (mnr. D.R. Schutte); "Jona: vlug ons weg van Gods transkulturele opdrag?" (prof. B.J. van der Walt); "Eenheid en verskeidenheid in die nuwe skepping - Openbaring 21:9-27" (prof. A.J. van Rooy).

Prof. J.J. Venter (PU vir CHO) sluit treffend soos volg af (sekerlik met ons geliefde land skerp in sy gedagte): "It is only the most fundamental ideological critique ever to be announced - the commandment to love your enemy - that can save us, for this forces us to meet the other *coram Deo* on the existential level by his human condition, transcending the deepest diversities of culture and polarization" (p. 247).

Heel aan die einde volg nog 'n bydrae van prof. B.J. van der Walt getitel "Reik uit - na Afrika", 'n voordrag wat hy in Maart 1990 gehou het en wat hier in die versamelwerk

opgeneem opneem word omdat dit as 'n gepaste praktiese afsluiting van die konferensiereferate beskou word. Sy klem val op die noodsaaklike dog vrywillige uitreik na mekaar - veral ook oor kultuurgrense heen - ter wille van die opbou van 'n toekomstige Suid-Afrika.

Soos 'n mens van 'n versamelwerk van dié aard kan verwag, verskil die bydraes ten opsigte van leesbaarheid, helderheid van gedagtegang en gehalte. Soms ontbreek die eenheidsgang, daar is effense oorvleueling, en 'n mens kry die indruk dat die organiseerders té veel gesigspunte in een konferensie wou dek. Prof. B.J. van de Walt se voorwoord bied egter 'n mooi aanduiding van die waarde van die konferensie (en gevolglik ook van die versamelwerk onder bespreking). Hy sê dit het die *insig* verdiep dat kultuurverskeidenheid nie net met etniese, geografiese en taalverskeidenheid saamhang nie, maar op 'n waardesisteem rus wat op sy beurt opkom uit 'n lewensbeskouing gegrond in die eie religieuse oortuiging van 'n sekere groep mense. Die artikel het die *uitsig* meegebring dat 'n mens as Christen gewillig moet wees om nie net waarderend na jou eie kultuur te kyk nie, maar ook krities, terwyl jy terselfdertyd gewillig is om die goeie in die ander een s'n raak te sien en te waardeer, want so word duidelik dat kultuurverskeidenheid veel meer *ge*leentheid kan skep as wat dit *ver*leentheid hoef te bring.

'n Mens kan dit alleen maar waardeer dat die organiseerders 'n konferensie van hierdie aard gereël het en boonop die lesings teen 'n billike prys vir 'n wyere kring beskikbaar stel in 'n goed gebinde werk met 'n mooi omslagontwerp deur mnr. G.C. van der Walt. Nie net politici, predikante, onderwysers en dosente nie, maar elke denkende Suid-Afrikaner kan gerus ernstig van die boek kennis neem en verder help worstel met 'n saak wat niemand koud mag laat nie.

BOEKAANKONDINGS

Pieterse, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Pretoria : Orion. 160 p. R 61,00.

Fiske, Neal F. 1990. The parables of Jesus. New York : The Crossroads Publishing Company. 178 p. $ 9.95.

Marshall, P. 1991. Calling, work and rest. Potchefstroom : IRS / PU vir CHO. 27 p.

Fowler, S. 1991. The deceptive morality of power. Potchefstroom : IRS / PU vir CHO. 18 p.

De Bruyn, P.J. 1991. Surrogaatmoederskap. Potchefstroom : IRS / PU vir CHO. 25 p.

Schilder, K. 1990. Eenzaamheid en gemeenschap. Haarlem : Vijlbrief. 154 p. f. 25.

Marshall, P. 1991. A Calvinist political theory. Potchefstroom : IRS / PU vir CHO. 48 p.